Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JANUARIE 2016

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Camphill-orkes laat Burgemeester se hart warm klop

Dirigent en bedrewe musiekterapeut, Christof Reppel, lei die Camphill-skool se orkes in een van verskeie ensembles tydens 'n spesiale Kersuitvoering.

Op 'n snikhete Dinsdag 24 November was die enigste ding in die asemrowende Hemel-en-Aarde-vallei wat die son in die skadu gestel het, die boeiende uitvoering wat deur die Camphill-skool se orkes onder die stok van dirigent en bedrewe musiekterapeut, Christof Reppel, aangebied is.

Opgewekte weergawes van "Frere Jacques" - alombekend as "Vader Jakob" - tesame met 'n aangrypende uitvoering van Kumbaya en verskeie van Reppel se eie betowerende komposisies het die gehoor wat die organisasie se kersgeleentheid bygewoon het - en in die besonder die eregas, Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie - meegevoer.

Saamgestel uit slaginstrumentspelers, basspelers en 'n dromspeler, almal vanuit die omstreke van Camphill, kom hierdie orkes elke Maandagaand byeen om hul slag te wys onder begeleiding van Reppel op die fluit en sy vrou, Elizabeth, op die klavier.

Oorspronklik van die VK, wy die Reppels reeds die afgelope agt jaar hul aandag aan hierdie orkes, en te oordeel na die Kersuitvoering, sal dit niemand verbaas as hierdie groepie ontluikende musikante 'n draai op 'n hele paar wêreldverhoë maak nie.

In eie reg is Elizabeth Reppel 'n bedrewe poppespeler wat reeds die afgelope twee jaar jongmense en belangstellendes vanuit die Zwelihle-omgewing in die marionettekuns afrig.

Onder Elizabeth se spitsvondige begeleiding, het jong poppespelers-in-opleiding reeds verskeie poppekasvertonings in isiXhosa, Afrikaans en Engels in Overstrand aangebied en werk algaande daaraan om hul profiel uit te bou en hul gehore te verbreed.

In sy bedanking van die Burgemeester vir die moeite wat sy gedoen het om die gemeenskap se Kersfunksie by te woon, het Sam Hodson, uitvoerende bestuurder van die Camphill-gemeenskap, sy waardering soos volg betuig: "Geagte Burgemeester, u lê ons na aan die hart en dit is vir my en die lede 'n besondere eer dat u vandag hier is om saam met ons in die vreugde van Kersfees te deel en in die welwillendheid wat so eie aan ons gemeenskap is."

Nadere besonderhede oor die Camphill-gemeenskap kan verkry word deur Michelle van Zyl by 028 312 4949 of 082 565 3627 te skakel of 'n e-pos te stuur aan michelle@camphill-hermanus.org.za. Christof en Elizabeth Reppel kan gekontak word deur 071 482 1975 te skakel of 'n e-pos te stuur aan fairytalepuppets@gmail.com.

RatesClearance.com plant bome in 38 munisipaliteite

Papierlose proses befonds die vergroeningsinisiatief

Tot dusver het Overstrand se eiendomsbelastingafdeling drie bome "verdien". Hierdie bome is op Donderdag 19 November 2015 langs die munisipale addisionele hofgebou geplant.

Korbitec se RatesClearance.com het gedurende November via Food & Trees for Africa 111 bome oral in Suid-Afrika geplant. Die bome is deur 38 munisipaliteite "verdien" wat aan RatesClearance.com se "Groei jou Boom"-veldtog deelgeneem het.

"Deur belastingklaringsertifikate elektronies uit te reik en bestaande papier te herwin, gun ons die planeet 'n kans om homself te hernieu. Maar ook deur bome te plant, kan ons die planeet help om dit vinniger te vermag. Dit is waarom RatesClearance.com die "Groei jou Boom"-veldtog van stapel gestuur het," verduidelik Cher Chapple, nasionale verkoopsbestuurder vir Korbitec Municipal Solutions.

RatesClearance.com is 'n innoverende aanlynoplossing wat munisipaliteite help om belastingklaringsyfers -en sertifikate te verwerk en uit te reik. Die RatesClearance.com-platform vereenvoudig ook kommunikasie tussen die munisipaliteit en die prokureur, wat help om die oordragproses te bespoedig.

As deel van die "Groei jou Boom"-veldtog het RatesClearance.com 'n vennootskap aangegaan met Food & Trees for Africa (FTFA), Suid-Afrika se eerste nasionale sosiale en omgewingsonderneming. Food & Trees for Africa werk daaraan om 'n gesonder, meer volhoubare en lae-koolstof-toekoms te behaal deur programme vir vergroening, optrede teen klimaatsverandering, die volhoubare bestuur van natuurlike hulpbronne, organiese boerdery en voedselsekuriteit te ontwikkel, te bestuur en te bevorder.

Die 38 deelnemende munisipaliteite het op RatesClearance.com ingeteken waar hulle 'n virtuele boompie op hul paneelbord kan sien. Elke keer wanneer die munisipaliteit 'n belastingklaringsertifikaat aanlyn uitreik, groei die boompie. Wanneer die virtuele boom uitgegroei is, sal RatesClearance.com 'n boom, in samewerking met FTFA, namens die munisipaliteit plant op 'n plek van hul keuse. "Met die hulp van munisipaliteite kan RatesClearance.com een boom vir elke 600 elektronies verwerkte aansoeke red en help om die omgewing te herstel deur nuwe bome te plant. Saam kan ons meer as 40 bome per maand red," verduidelik Chapple.

Aan die einde van die jaar sal 'n sertifikaat aan elke munisipaliteit uitgereik word wat wys hoeveel bome namens hulle geplant is, en wat erkenning verleen aan hulle bydrae tot 'n toekoms wat omgewingsgewys meer volhoubaar is.

Chris Wild, uitvoerende direkteur van Food & Trees for Africa, sê, "Hierdie innovasie is 'n groot stap in die rigting van omgewingsvriendelike munisipale bestuur. Ons werk met benadeelde gemeenskappe wat 'n desperate behoefte aan bome het, en hierdie projek onderskraag ons insette. Ek is veral opgewonde daaroor dat hierdie 'n voortgesette, volhoubare inisiatief is wat sal aanhou groei."

Tot op hede het FTFA meer as 4,2 miljoen bome versprei en duisende natuurlike voedseltuine, bamboesprojekte en organiese plase in histories benadeelde gemeenskappe ontwikkel. Dit het ook die eerste Suid-Afrikaanse koolstof-rekentafel, die Koolstofprotokol van Suid-Afrika en toekennings vir Afrika se "klimaathelde" bekendgestel.

Korbitec is 'n gevestigde leier in die ontwikkeling van innoverende tegnologieoplossings vir die Suid-Afrikaanse eiendomsbedryf. Sy veilige en beveiligde produkte, oplossings en elektroniese skakels word tot voordeel ontwikkel van almal wat by die oordragproses betrokke is en word deur gebruikers, eiendomsagente, aktebesorgers, die aktekantoor, plaaslike munisipaliteite, toonaangewende finansiële instansies en staatsdepartemente gebruik.

LOS DIE STROOITJIE

Plastiese strooitjies is een van die top 10 items wat oral in die wêreld met strandopruimings aangetref word. Hulle mag dalk klein en onbeduidend wees, maar as mens daaraan dink dat 500 miljoen strooitjies per dag in die VSA alleen gebruik word, praat ons van 'n klomp plastiek. Na raming is 80-90% van alle mariene opdrifsels plastiek, en dit neem honderde jare voordat plastiek weens blootstelling aan lig in klein stukkies afgebreek word waar dit chaos onder die seelewe veroorsaak en, nog erger, in die voedselketting beland.

Deur bloot te sê "geen strooitjie nie" wanneer 'n drankie in 'n restaurant of by 'n kroeg bestel word, tesame met ondernemings wat slegs 'n strooitjie aanbied wanneer hulle spesifiek daarvoor gevra word, sal 'n groot verskil maak. Dit sal nie net die hoeveelheid plastiek in ons afvalstroom verminder nie, maar kan ook 'n finansiële voordeel vir ondernemings inhou en die werklas van Overstrand se afvalbestuurspan verlig.

Alhoewel strooitjies baie handig kan wees vir mense met gestremdhede en diegene wat dit moeilik vind om te eet, soos bejaardes en siekes, sal herbruikbare strooitjies ook hier 'n beter opsie wees aangesien hulle gewas en meer male gebruik kan word.

Baie mense gebruik strooitjies daagliks sonder om te besef dat daardie strooitjie, na net vier of vyf slukkies, sy bruikbare leeftyd verloor het. Gegewe dat hulle so klein is en min weeg, "ontsnap" strooitjies maklik uit oorvol vullisdromme of "dryf" tot op die oppervlak van grondopvullingsterreine. Oor die algemeen beland hulle in stormwaterslote, riviere en, uiteindelik, die see.

Die beste alternatief vir plastiese strooitjies is glad geen strooitjie nie.

Maar as jy nie anders kan as om een te gebruik nie, kies 'n herbruikbare strooitjie wat gemaak is van bamboes, metaal, glas of stewige plastiek. Vir restaurante sou die beste alternatief strooitjies van papier wees of strooitjies wat gemaak word van 'n bioafbreekbare "plastiekagtige" stof bekend as PLA wat ontleen word van hernubare bronne soos mielies of suikerriet.

Overstrand is besig om aktief voorspraak te maak vir 'n verbod op alle vorms van enkelgebruik-plastiek. Alhoewel dit dalk aanvanklik moeilik gaan wees om te sê "geen strooitjie nie, dankie" wanneer 'n drankie bestel word of vir ondernemings om hul ingesteldheid te verander, dink net hoe dankbaar die seelewe sal wees as ons almal hiervan 'n gewoonte maak.

Spaar water vir volhoubare toekoms

Inwoners en vakansiegangers word versoek om veral gedurende die vakansie te let op hul watergebruik weens die toename in aanvraag en hoë temperature. Dié toestand sal na verwagting tot minstens April voortduur en kan moontlik 'n verandering in die reënvalpatroon tot gevolg hê, wat beteken dat reën eers so laat as September verwag kan word.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het inwoners ook gemaan om, hoewel geen beperkings ingestel is nie, water spaarsamig te gebruik. "Saam kan ons doeltreffende instandhouding en waterbesparing verseker," het sy beklemtoon.

Waterverbruikers word ook daaraan herinner dat ingevolge artikel 46(1) van Munisipaliteit Overstrand se Verordening op Waterdienste, geen besproeiing van tuine en grasperke tussen 09:00 en 17:00 mag plaasvind nie. Gedurende die warmste tyd van die dag kan tot 60% van water wat besproei word, verdamp.

Wenke vir waterbesparing

Dis voor die hand liggend: Om die omgewing te beskerm, beteken ook dat jy hom red.

Almal kan water bespaar: Al te dikwels verg dit maar net die aanleer van 'n paar heel eenvoudige gewoontetjies om te help om ons omgewing te beskerm en energieverbruik te verlaag. Soms moet daar weliswaar tegnies vernuwend te werk gegaan word, maar soms hoef ons bloot 'n lekkende kraan reg te maak. En dan, allerbelangrik, kan ons 'n paar veranderings aan ons daaglikse gebruike aanbring. Dis nou belangriker as ooit om water te bespaar want, tegnies beskou, word dit al hoe duurder om drinkwater te voorsien en afvalwater te behandel. Oral rondom ons sien ons hoe verstedeliking en industrialisering om daardie kosbare bron - drinkwater - meeding.

Wanneer jy hande was, tande borsel of skeer, draai die kraan toe.

Afhangende van die tipe krane kan tot soveel as 5 tot 20 liter water op hierdie manier vermors word - elke minuut! Draai die kraan toe wanneer jy hom nie regtig nodig het nie of gebruik 'n beker om jou tande te borsel. Net 'n klein bietjie water is nodig om te skeer, en jy kan dié in die wasbak tap vóór jy begin skeer.

Krane wat konstant drup, vermors duisende liter elke jaar.

Dit mag dalk lyk asof 'n druppende kraan 'n geringe impak op 'n individuele waterrekening sal hê. Maar tel al die huishoudings bymekaar, en daardie ekstra verbruik deur die gemeenskap loop op tot 'n onnodige las op waterbehandeling. Ontferm jou oor die omgewing en maak daai lekkende kraan so gou moontlik reg.

Om 'n bad vol te tap, het jy minstens 140 liter water nodig.

'n Stortbad gebruik egter heelwat minder water. Om vir drie minute onder die stort te staan, het jy net 18 liter water nodig - en dit kan net so lekker soos 'n bad wees.

'n Groot hoeveelheid drinkwater word gebruik om toilette mee te spoel.

Om 'n spoel/stop-knoppie of 'n tweeledige spoelstelsel te installeer, is veral die moeite werd, want kleiner spoele gebruik gewoonlik so min as 3 liter water. Op hierdie manier kan tot soveel as 8,000 liter drinkwater per persoon per jaar bespaar word.

As jy regtig water wil bespaar, gebruik dit twee keer.

Die geteikende hergebruik van water komende van die stort of die bad, dit wil sê sogenaamde grys water wat nie regtig vuil is nie, is nou regtig 'n slim plan. Sodoende word daar aan kosbare drinkwater bespaar. As daar betyds hiervoor voorsiening gemaak word, kan hierdie tegnologie moeiteloos deel uitmaak van nuwe bouprojekte.

Waterdors-toebehore: Let op energiedoeltreffendheid en kapasiteit.

Wanneer 'n nuwe wasmasjien of skottelgoedwasser gekoop word, let op die masjien se energiedoeltreffendheid-klassifisering en kies 'n model wat as A, of beter nog, as A+ of A++ geklassifiseer word.

Sorg dat water doeltreffend gebruik word: Moenie die wasmasjien of skottelgoedwasser aanskakel as hulle net half vol is nie. Sorg altyd dat hierdie masjiene optimaal gelaai word. Onthou ook dat voorafspoeling en voorwassiklusse meesal oorbodig is.

Dink aan die omgewing wanneer jy jou motor laat was.

Kies 'n motorwassery wat die waswater meer as een keer gebruik deur dit te hersirkuleer om van olierigheid ontslae te raak. 'n Omgewingsvriendelike motorwassery soos hierdie gaan nie net 'n skoon motor aan jou terugbesorg nie, maar doen ook sy deel om die omgewing te bewaar.